

Sing vooraf: Skrifberyming 2-4:2 (33:2)

- 2 Wat die Heer nog meer vervul het, / bly verborge; tot die stond
al die wonders ons onthul het / van die eewige vree-verbond.
Ja, wanneer die Here kom, / dan word ons gelyk aan Hom,
want ons sal in klare omlyning / Hom aanskou in sy verskyning.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 31:1, 15 (p. 143)

- 1 Net soos 'n rots, gesterk, gestewig / teen storm en ongety, / is U, o HEER, vir my.
Maak my tog nie beskaamd vir ewig. / Bevry my, hoor my bede / na u geregtighede.
- 15 Hoe groot is, HEER, u seënstrome / vir wie opreg van gees / wil wandel in u vrees!
Hoe groot die vreugde van die vrome, / as almal klaar bemerk het / die heil wat U bewerk het.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes met Psalm 25:5
(p. 116).*

Wet

Psalm 25:5 (p. 116)

- 5 Ja, Gods weg is goedheid, klaarheid, / en sy weg altyd getrou
vir wie wandel in sy waarheid / en op sy beloftes bou.
Wil my dan, u Naam ter eer, / al my sondeskuld vergewe;
want ek het teen U, o HEER, / swaar en menigmaal misdrewe!

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en
sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 33:2 (p. 157)

- 2 Sing nuwe sange, nuutgebore / uit aandrif van die skoonste kuns;
trompetgeklank deur tempelkore / moet danksê vir Gods nuwe guns.
Wat ons toegeseg is / in Gods Woord wat reg is, / het ons hart verbly;
en Gods almagsterke / sien ons op sy werke – / waar en reg soos Hy.

Skriflesing: Numeri 20

Teks Numeri 20:12

**Toe sê die HERE vir Moses en Aäron: Omdat julle in My nie geglo het om My voor
die oë van die kinders van Israel te heilig nie, daarom sal julle hierdie vergadering
nie in die land inbring wat Ek aan hulle gegee het nie. (Numeri 20:12 AFR1953)**

Ongehoorsaamheid en ontrouheid word swaar deur die Here gestraf. Maar waar daar berou is, word
die straf van die Here net tot hierdie lewe beperk.

1. Die volk se onvergenoegsaamheid
2. Die Here se beproewing oor hulle
3. Die Here se genade

1. Die volk se onvergenoegsaamheid

Die volk moes veertig jaar in die woestyn rondswerf sodat almal wat in Egipte gebore was, kon sterf.

- Die rede daarvoor was dat die “ou volk” altyddeur gekla het en heftig in opstand gekom het oor alles wat met hulle skeefgeloop het.
- Hulle het altyd die verwyte gehad dat dit met hulle in Egipteland beter gegaan het as wat dit daar in die woestyn gegaan het.

Nou staan die volk aan die einde van die veertig jaar. Die Here gaan die volk toets en kyk of hulle intussen verander het, en van hulle sondes bekeer geraak het. Hoe lyk hulle, en wat het hulle in hierdie tyd alles van die Here gesien?

- Dis ’n jong volk wat elke dag onder die wolkkolom gestaan het, en wat snags die lig van die vuurkolom gesien het.
- Die Here was in hierdie wolkkolom (Numeri 14:14; Exodus 13:21, 22; 14:19, 24; Deuteronomium 31:15 en Psalm 99:7).
- Hulle is daaglik gevoed met manna en kwartels.
- Hulle het dus die mag en ook die genade van die Here daaglik aan hulle eie lyf ervaar.

Wat meer is, is dat hulle almal deelgeneem het aan die Here se verkiesing van ’n hoëpriester oor die volk. Die Here het spesifiek gesê dat Hy daarmee ’n einde gaan maak aan die gemurmureer van die volk teenoor Hom.

- Moses moes vir die Israëliete twaalf stawwe vra – een vir die leier van elkeen van die twaalf stamme. Elke leier moes sy naam op sy staf skryf en die staf dan vir Moses gee.
- Moses moes al die stawwe in die tent van samekoms gaan neersit.

Die anderdagmôre was daar blomme en amandelvrugte aan Aäron se staf (Numeri 17).

- Die Here het toe vir Moses gesê dat hy die staf in die tent van samekoms moes gaan terugsit as ’n getuie vir die volk.
- Daarna het die volk weer daarvoor gekerm en vir Moses gesê dat hulle almal doodgaan omdat die heiligheid van die Here hulle doodmaak.

Nou kom hulle by Kades aan. Daar is nie water nie. Hoe tree ’n volk op wat vir veertig jaar elke dag sigbaar die teenwoordigheid van die Here by hulle gehad het?

- Mens sou verwag dat hulle dadelik sou saamkom en bid.
- Hulle moes teen die tyd al geweet het dat elke keer wanneer hulle iets ernstig en opreg by die Here gaan vra het, die Here hulle gebede verhoor het!

Dit gebeur nie so nie.

- Hulle het ’n ernstige rusie aan die gang gesit en vir Moses en Aäron gesê hulle wens dat hulle soos hulle broers voor die aangesig van die Here gesterf het.
- Waarskynlik verwys hulle na die gebeurtenis wat in Numeri 14:36, 37 beskryf word:

En die manne wat Moses gestuur het om die land te verken en wat ná hulle terugkoms die hele vergadering teen hom laat murmureer het deur ’n slegte gerug aangaande die land te versprei,

die manne wat ’n slegte gerug aangaande die land versprei het, het gesterwe deur ’n plaag voor die aangesig van die HERE. (Numeri 14:36-37 AFR1953)

Hulle verwys spesifiek na die tien verspieders wat nie gedink het dat die land iets besonder is nie.

- Hierdie klomp klaendes kom nou tot presies dieselfde gevolgtrekking! Die land is glad nie geskik om graan, vye of druiwe te verbou nie.
- Hulle suggereer dat die tien verspieders wat vir hierdie negatiewe verslag deur die Here doodgemaak is, dus verniet gesterf het, want hulle het toe al die tyd die waarheid gepraat.
- Die klomp daar voor Moses voel dat dit beter sou gewees het as hulle ook destyds gesterf het, want dan het hulle nie nou nodig gehad om deur al hierdie lyding te gaan nie.

2. Die Here se beproewing

Moses en Aäron was teen hierdie tyd al meer as uitgeput oor die volk se opstandigheid.

- Hulle gaan toe na die tent van samekoms toe, en daar het die Here dadelik in sy heerlikheid aan hulle verskyn.
- Hy gee toe opdrag aan Moses om die staf van Aäron te neem en daarmee na die rots toe te gaan.
- Die volk moet ook daar bymekaarkom.

Dadelik kom die vraag by 'n mens op: Waarom juis hierdie kerie van Aäron?

- Die antwoord is dat u moet onthou dat die kerie die simbool is van die Here se verkiesing, en ook van sy onbegrensde wondermag.
- Die volk onthou nog baie goed dat daardie staf in een nag bloeisels en vrugte gedra het, want dit het maar kort tevore gebeur.
- Die staf moes bloot dien as 'n steun vir Moses en vir die volk dat die Here in hulle midde teenwoordig is.

Daar was vantevore ook 'n soortgelyke situasie toe die volk by Rafidim gekom het sonder water (Exodus 17). Die Here openbaar dat ons hier met 'n heeltemal ander toestand te doen het as destyds.

- Toe was die volk nog rou, want hulle het maar pas uit Egipte weggetrek.
- Toe het die Here vir Moses gesê dat hy die kerie waarmee hy die water van die Rooisee gekloof het moet vat en teen die rots by Horeb daarmee moes slaan.
- Die Here het gesê dat Hy dan daar sal staan en aan die volk water gee.

Nou is die hele saak anders, want die volk behoort nou al ver te gevorder het in hulle geloof en in hulle besef van God se almag.

- Moses moes nie weer die rots slaan soos destyds nie – hy moes net een keer met die rots gaan praat.
- Die Here wil hê dat die volk – los van enige ding wat mag lyk soos die towerye van die afgodedienste wat hulle so goed geken het – moet kennis maak met die mag van sy woord. (Trouens, die woord van die Here is so magtig dat Hy daarmee geskape het.)

Die Here verwag dus min of meer van Moses om in 'n vaste geloof voor die volk te gaan staan en aan hulle te wys dat daar op die Here se bevel redding uit die dood voorsien word. Hulle sal nie van dors sterwe nie, want die Here sal die rots dwing om oop te maak en water te laat uitvloei.

Moses en Aäron is toe daar uit die tent uit weg om die volk by die rots bymekaar te maak.

- Wat hulle nie besef het nie, was dat dit ook vir hulle lewens 'n beslissende moment was.
- Waarskynlik het die opgekroptheid van die volk se verset Moses daardie dag net te ver gedryf.

Toe hulle almal by die rots bymekaar is, toe hou Moses eers 'n toespraak waarin sy weersin teen die volk sterk na vore kom.

- Hy distansieer hom heeltemal van hulle en laat hulle goed verstaan dat hulle 'n wederstrewige spul is.
- Hy doen geen beroep op die heiligheid en die almag van God nie.

- Hy wou weet of hulle (Moses en Aäron) vir die volk water uit die klip moes laat vloei. Psalm 106:33 sê Moses het onverskillig gepraat.
want hulle was wederstrewig teen sy Gees, sodat hy onverskillig gepraat het met sy lippe. (Psalm 106:33 AFR1953)
- Toe slaan Moses die rots twee maal met sy staf.

3. Die Here se genade

Al het Moses alles verkeerd gedoen, die Here het tog sy beloofde genade gegee.

- Daar het water uit die rots gevloei vir die volk en hulle vee.
- Maar die Here het Moses en Aäron daarmee gekonfronteer.

Dit lyk nou miskien nie na 'n ernstige sonde nie, maar dit was 'n ernstige oortreding teen die heiligheid van die Here.

- Moses het nagelaat om te doen wat hy moes doen, en presies dit wat hy nie moes doen nie, dit het hy gedoen.
- Hy het die indruk geskep dat dit nie die almag van God is wat die water uit die rots laat uitkom het nie, maar sy eie mag.
- Hy het dus inderwaarheid die eer van God gesteel.

Die mense en hulle diere het almal water gedrink en meteens was daar hope geluk in die laer – behalwe tussen die Here en Moses en Aäron.

- Die Here kom kondig sy straf oor die twee aan.
- Hy sê dat die twee nie in Hom geglo het nie.
- Verder het hulle ook nie sy heiligheid voor die volk laat uitkom nie.

Nou heilig die Here Homself.

- Hy verbied Moses en Aäron om in die beloofde land in te gaan.
- Dit beteken dat alles waarvoor hierdie twee mense geroep was en hulleself tot die uiterste toe gegee het, meteens afgesny word.

Die Here maak dit aan Israel duidelik dat Hy oor die buitengewone mag beskik om iets wat vir iemand baie belangrik is, uit sy lewe weg te neem.

- Deur hierdie daad van straf het dit toe vir die volk ondubbelsinnig duidelik geword –
 - dat die Here die Een was wat die water gegee het,
 - maar terselfdertyd ook dat die Here elkeen wat sy Naam nie heilig nie, straf.
- Die volk verstaan nou ook dat die Here nie allerhande magiese gebare nodig het soos om die rots te slaan nie – sy woord alleen is 'n daad wat enige iets tot gehoorsaamheid kan beweeg – selfs 'n rots om water te gee.

Die Here sê in Deuteronomium 33:8 dat Massa en Meriba 'n proef was om te toets of Moses en Aäron en die volk se geloof sterk genoeg was.

- Moses en Aäron kon hierdie toets nie deurstaan nie. Natuurlik het die volk ook nie, maar die Here het Moses en Aäron in 'n sekere sin in hulle plek gestraf.
- Blykbaar het die volk later sleg gevoel omdat hulle opstandigheid veroorsaak het dat Moses so erg gestraf is dat hy nie in Kanaän kon ingaan nie.
- Ons lees in Deuteronomium 1:37 dat Moses vir die volk sê dat die Here toornig was op hom ter wille van die volk.
- Hy moes dus in 'n sekere sin namens die volk gestraf word.

Dis presies ook wat met ons gebeur.

- Ons sondetoestand veroorsaak dat ons soos hierdie volk word wat van die dors wil doodgaan.

- Tog gaan ons nie dood nie, want die Here gee aan ons genade soos aan die volk.
- Die Here gee 'n Middelaar wat in ons plek gestraf kon word, soos wat Moses in die plek van die volk gestraf is, sodat ons kan bly lewe – Jesus Christus.

Die volk het gesien en verstaan dat daar iemand anders in hulle plek swaar en geweldig gestraf word sodat daar in hulle lewensmiddele voorsien kon word.

- Hulle het later sleg gevoel daarvoor.
- Net so moet ons ook begryp dat Jesus Christus in ons plek met die toorn van God gekonfronteer is sodat ons ewig kan lewe.

Van die volk se kant af het hulle dit baie erg ervaar.

- Hulle het slegs die straf van God gesien.
- Tog, as ons na Moses kyk, het hy genade by God gevind sodat die straf van die Here in 'n sekere sin by hom verbygegaan het.
- Die volk het net ervaar dat die Here Moses straf, want hy mag nie in die beloofde land ingegaan het nie.

Maar Moses het aan die ander kant dit belewe dat hy in teenwoordigheid van die Here die hele land gesien het.

- Die Here self het dit vir hom stukkie vir stukkie gewys.
- Dit was iets baie grootser en heerliker as wat Moses ooit in die beloofde land sou deurmaak met so 'n kermende volk soos Israel saam met hom.
- U kan self gaan kyk hoe die Bybel dit ook beskryf in Deuteronomium 34:
 - Die Here het Moses elke plek laat sien waar elke stam later gevestig sou wees.
 - Hy het hom tot die Jordaanstreek laat sien – meer as wat enige een van die res van die volk ooit in hulle lewens gesien het, al het hulle fisies in die land ingetrek.

Ons gemeente moet nou onself toets aan hierdie Bybelgedeelte.

- Die Here roep ons daagliks tot bekering en geloof.
- Ons moet onself voortdurend ondersoek.
 - Ons moet beseft dat elke stukkie ongehoorsaamheid waarin ons trap nog steeds 'n poging van die Satan is om ons in die Here se toorn te laat beland.
 - Dit wat van Moses en die volk waar was, is vandag nog van ons ook waar.

Ons moenie dat die Here ons met swaar gebeurtenisse leer om gehoorsaam te wees en tot bekering te kom nie.

- Dis nie nodig nie, want die Here het na die hemelvaart van Jesus ons met sy eie wysheid toegerus toe die Heilige Gees oor ons uitgestort is.
- Luister na die Here se vermaning wanneer u op 'n verkeerde spoor beland en gee daarvandaan af pad.
- Lewe so dat u vir alles in u lewe aan die Here die eer gee.
- Waak veral teen verwaandheid, want verwaandheid sal maak dat jy soos Moses jousef as God aanstel en sy eer vir jou toe-eien waar dit Hom toekom.

En as u waarlik in die Here Jesus Christus as u Verlosser glo, kan u verseker weet dat die sondes wat u teen u wil gedoen het, almal deur u Middelaar Jesus Christus vergewe is.

- Die belofte van die kruis is dat u profeties die vergesig kan hê dat u in die bloed van Jesus Christus op die nuwe aarde woon.
- Waar Moses toegang tot die beloofde land geweier is, kry u deur Jesus Christus juis verseker toegang tot die koninkryk van God.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 149:1, 2 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling!
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!
- 2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trosselslae!
Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehae.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 9 Maart 2008